

TOYOTA US WOORDFEES 2022

Vanjaar fees ons twee keer – eers landwyd op Woordfees TV in Julie, en dan in persoon, in Stellenbosch in Oktober. Kunstenaars het die geleentheid om vir Woordfees TV of die fisieke fees in Stellenbosch of vir beide aansoek te doen. Hierdie jaar is daar drie kategorieë vir elke feesplatform waarvoor kunstenaars kan aansoek doen. Hier volg al die nodige inligting:

WOORDFEES TV: JULIE 2022 – AANSOEKE

Aansoeke open: 7 April 2022

Aansoeke sluit: 20 April 2022

Kunstenaars kan aansoek doen vir insluiting in een of meer van die volgende kategorieë:

1. Bestaande werk
2. Konsepte vir werk wat onafhanklik ontwikkel word
3. Aansoeke vir werk wat in samewerking met die Woordfees vervaardig word.

Buiten die bogenoemde aansoeke sal die Woordfees steeds werk onafhanklik vervaardig.

Aansoeke vir Woordfees TV is nie oop vir studente of amateurgroepe nie. Die Woordfees sal bestaande studente-aanbiedings apart verpak vir Woordfees TV. Soos in die verlede, bied ons vir studente geleentheid om hul werk op die planke te bring as deel van die Fringe-program tydens die fisieke fees in Oktober.

1. Aansoeke vir bestaande werk:

Hierdie kategorie is vir werk wat reeds voorheen geskep is, wat volledig bestaan en gereed is om uitgesaai te word. In hierdie geval sal die Woordfees jou aanbieding lisensieer vir die tydperk van uitsending op Woordfees TV.

Aanbiedings moet aan die volgende tegniese vereistes voldoen:

Uitsaai-spesifikasies

(Hierdie spesifikasies word om verwarring te vermy in Engels aangebied.)

VIDEO:

- Full HD
- 1920 x 1080
- 16:9
- 30-50 Mbps
- Interlaced (Upper First fields)
- 25 Frames per second

AUDIO:

- 2 x Channel Stereo Mix (can also submit DOLBY 5.1 if available)
- 24 Bit @ 48
- Uncompressed PCM
- EBU R128 Compliant (Max true peak -3 dBFS, overall integrated loudness avg -23 LUFS)

Presets as options:

- XDCAM 422 1080i 25 (50i) MXF
- PRORES 422 HQ.MOV

Slegs volledige, bestaande werk wat aan die bogenoemde vereistes voldoen, sal oorweeg word.

Klik [hier](#) om aansoek te doen vir die bogenoemde kategorie.
Slegs elektroniese aansoeke sal aanvaar word.

2. Konsepte vir werk wat onafhanklik ontwikkel word:

Hierdie kategorie is vir aanbiedings wat nog deur die aansoeker vervaardig moet word. Kunstenaars doen aansoek vir finansiële steun vanaf die Woordfees, maar is self verantwoordelik vir die opname van die werk. Die Woordfees word hier as produksievennoot erken en behou die reg om die aanbieding te staak, of nie uit te saai nie, indien dit nie aan die voorgeskrewe standarde voldoen nie. Indien jou aansoek goedgekeur word, sal die bepalings van elke aanbieding individueel onderhandel word.

Hierdie kategorie is soortgelyk aan wanneer jy vir 'n tradisionele fees sou aansoek doen vir 'n fooiproduksie.

Vir konsep-inskrywings vra ons vir die volgende ondersteunende dokumentasie:

- 'n Konsepdokument wat jou projek duidelik beskryf. Sluit ook hierby enige visuele elemente (foto's, *mood boards*, ens.) in om die styl van jou projek te verduidelik.
- 'n Volledige geselskaplys, asook produksiespan wat die verfilming gaan behartig.
- 'n Volledige begroting
- Teks (indien dit bestaan/van toepassing is)

Begrotingstemplaat en geselskaplys vorm is by hierdie e-pos aangeheg.

Klik [hier](#) om aansoek te doen vir die bogenoemde kategorie.
Slegs elektroniese aansoeke sal aanvaar word.

3. Aansoeke vir werk wat in samewerking met die Woordfees vervaardig word:

Kunstenaars het die geleentheid om aanbiedings voor te lê wat nog nie in die televisie-medium bestaan nie. In hierdie geval verskaf die Woordfees die opneemruimte, infrastruktuur en filmspan. Produksies bespreek 'n opname-sessie by venues wat deur die Woordfees beskikbaar gestel word, afhangend van die omvang van die aanbieding.

Die Woordfees, sowel as die produksie, maak 'n finansiële bydrae tot die koste van die verfilming. Die verdeling van koste sal per produksie onderhandel word. Die eindproduk behoort steeds aan die produksie/vervaardiger/aansoeker, en die Woordfees word vir alle toekomstige speelvakke en/of uitsendings erken as medevervaardiger. Die Woordfees behou die reg om die aanbieding op die 2022 Woordfeeskanaal, en alle toekomstige Woordfeeskanele, uit te saai.

Die volgende ondersteunende dokumentasie word verlang:

- 'n Konsepdokument wat jou projek duidelik beskryf. Sluit ook hierby enige visuele elemente (foto's, *mood boards*, ens.) in om die styl van jou projek te verduidelik.
- 'n Volledige geselskaplys
- 'n Volledige begroting
- Teks (indien dit bestaan/van toepassing is)

Begrotingstemplaat en geselskaplys vorm is by hierdie e-pos aangeheg.

Klik [hier](#) om aansoek te doen vir die bogenoemde kategorie.

Slegs elektroniese aansoeke sal aanvaar word.

ADDISIONELE INLIGTING:

Alle werk vir die Woordfees TV-kanaal moet teen einde Mei as volledige program aan die fees gelewer word sodat dit die kanaal se kwaliteitskontroletoets kan ondergaan.

Die Woordfees sal teen einde April terugvoer rakende insluiting op die program lewer.

Aansoekfooi:

Alle aansoeke moet vergesel word van 'n aansoekfooi. Hierdie is 'n eenmalige bedrag (BTW ingesluit) wat nie terugbetaalbaar is nie:

Kategorie 1 – Aansoeke vir bestaande werk:

Die aansoekfooi hang af van die tydsduur van die film/projek/opname.

- a) R150 vir projekte van 0 – 15 minute lank
- b) R300 vir projekte van 15 – 40 minute lank
- c) R500 vir projekte langer as 40 minute

Kategorie 2 & 3:

R250 vir alle konsepte vir onafhanklike werk, en vir werk wat in samewerking met die fees vervaardig word.

Besonderhede en verdere inligting rakende die aansoekfooi is in die aansoekvorm vervat.

WOORDFEES: OKTOBER 2022 – AANSOEKE

Aansoeke open: 7 April 2022

Aansoeke sluit: 4 Mei 2022

Soos in die verlede, het kunstenaars die geleentheid om vir fooiproduksies of loketproduksies (windsdeling van die deurinkomste) aansoek te doen. Hierdie jaar, gegewe Woordfees TV, is daar ook geleentheid vir produksies om in beide mediums te bestaan. Indien jy dink jou produksie kan voor 'n lewende gehoor werk, nadat dit op televisie uitgesaai is, is jy welkom om vir beide feeste aansoek te doen.

In hierdie geval moet die produksies onafhanklik van mekaar vir beide mediums kan bestaan. Die Woordfees gaan geen digitale vertonings op skerms ('screenings') van Woordfees TV werk by die fisieke fees in Oktober aanbied nie. Onderhandelings vir produksies wat op beide programme aangebied word, sal per produksie hanteer word.

Let asseblief daarop dat daar nie 'n aparte aansoekvorm vir hierdie kategorie is nie. Kunstenaars word in die Woordfees TV-aansoekvorms gevra om aan te dui indien hulle in aanmerking wil kom vir die in-persoon-fees in Oktober.

Volg die onderstaande skakels om aansoek te doen vir die onderskeie afdelings van die fees. Slegs elektroniese aansoeke sal aanvaar word:

Klik [hier](#) om aansoek te doen vir TONEEL
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir DANS
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir FRINGE
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir KONTEMPORÊRE MUSIEK
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir KLASSIEKE MUSIEK
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir LEEFSTYL
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir SKRYWERSFEES
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir LANDBOU
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir VISUELE KUNS
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir DISKOERS
Klik [hier](#) om aansoek te doen vir WOORDFEESKURSUSSE

Begrotingstemplaat en geselskaplys vorm is by hierdie e-pos aangeheg.

Aansoekfooi:

Alle aansoeke moet vergesel word van 'n aansoekfooi.

Hierdie is 'n eenmalige bedrag van **R250** (BTW ingesluit) wat nie terugbetaalbaar is nie.

Besonderhede en verdere inligting rakende die aansoekfooi is in die aansoekvorm vervat.

Vir enige navrae, stuur 'n e-pos aan Corné Venter: wf2022@sun.ac.za